**“TOELAATBARE UITSONDERING” IN DIE REIS NA GENESING**

Réney Warrington *Oktober*

Mense word steeds in kategorieë geplaas volgens seksuele voor-of afkeure vir verskeie redes – vir begrip, om die onverstaanbare op ‘n meer bereikbare vlak te plaas, of ongelukkig ook ter wille van disassosiasie.

In *Oktober* plaas Réney die leser in die hoofkarakter se lewe met ‘n eenvoudige boodskap: ongeag die kassie waarin ‘n mens geplaas word, is dit ‘n lewe met gedeelde elemente. Daar is familie oordeel, ‘n gebroke gesin met uitdagings en komplekse ondertone, daar is verhoudings wat verbrokkel, en realiteite van ‘n daaglikse bestaan. Dit is ook baie treffend dat die skrywer fotografie in die boek inkorporeer en in die eerste paar bladsye maak die hoofkarakter reeds die stelling dat dit moeilik is om die waarheid vir ‘n kamera weg te steek. Alhoewel die hoofkarakter as deel van haar reis, baie menslik, ‘n tikkie veiligheid vind in selfbedrog, is daar selfs daarin ‘n eerlike kyk na die karakter.

Die boek fokus op verhoudings en nie net die ontluikende verhouding tussen Jo en Leigh Osbourne, ‘n Amerikaanse popsanger, nie alhoewel dit die kern van die boek is. Twee individue met hul eie kwessies loop mekaar raak in Johannesburg en daarna in Londen. Alhoewel hulle ‘n verhouding begin en besluit op ‘n vervaldatum, is die ondertoon duidelik dat beide tog ruimte laat vir die toelaatbare uitsondering om iemand naby genoeg toe te laat om die liefde ‘n kans te gun.

Réney gebruik verwysings na musiek baie effektief in die boek. Dit is ook baie geslaagd gebruik deur Laura Esquivel. Die kunstenaars waarna verwys word is beslis nie kontemporêr nie. Die musiek skep ‘n gepaste atmosfeer. Nick Cave waarna sy verwys in die begin van die verhaal kontrastreer verfrissend met Melody Gardot wat bydra tot ‘n meer romantiese atmosfeer.

Die gebruik van Afrikaans en Engels in die boek kan sekerlik gekritiseer word maar is baie treffend en realisties om die kommunikasie tussen die twee karakters weer te gee.

Intimiteit word op ‘n erotiese en sensitiewe wyse uitgebeeld en die beskrywing van hul saamwees op die laaste dag, volgens hul ooreenkoms, weerspieël ‘n intensiteit wat doelbewus en treffend half onder beklemtoon word – die soeke na veiligheid in “selfbedrog”. ‘n Treffende oomblik wat dui op karakterontwikkeling en die verhouding, is die woorde wat Leigh op Jo se lyf in swart en rooi ink skryf

wat ook die lirieke van haar nuwe treffer word. Die lirieke verdien om meer as een keer gelees te word.

Die boek slaag daarin om die karakters menslik met hul eie “issues” uit te beeld, die soeke na betekenis en aspekte wat waarde toevoeg ongeag vooroordeel en kategorieë wat die verhaal universieel maak. ‘n Gedagte wat saamgeneem kan word na die treffende slot “it’s gonna be all right” is dat dit soms nodig is vir toelaatbare uitsonderings om gesond te kan word.